

**11 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 140, 141**  
**Fokusgedeelte: Psalm 140:2, 3; 141:3, 4**

**Here, beskerm my!**

Vandag sal jy waarskynlik weer van die verskriklike misdade wat ons samelewing so teister in die koerant lees, of daarvan hoor oor die nuus: Moorde op niksvermoedende mense, verkragtings, diefstal en inbrake, roof en motorkapings, geweldenaars wat in hulle goddeloosheid geen respek vir menselewens en die wil van God het nie. En ons wonder wat ons nog kan doen ter beskerming van ons lewe: elektriese omheinings, alarms, hoë mure en beligting.

Dis hoe ons lewe vandag daar uitsien en dis sekerlik nie verkeerd om veiligheidsmaatreëls te tref nie. Psalms 140 en 141 plaas ons egter voor 'n ander vraag: Bid ons ook tot die Here vir beskerming? Kom sommer vandag nog na Hom en bid soos Dawid: "Here, beskerm my teen mense wat geweld pleeg ..." (Ps. 140:2).

Wat 'n wonderlike voorreg het ons dat ons God kan vra vir beskerming. Hy is die groot en almagtige Beskermmer wat nooit sluimer of slaap nie. Vra Hom vol geloof en vol vertroue om jou en jou gesin vandag te beskerm. Uiteindelik is dit net Hy wat ons werklik kan beskerm.

Vra Hom ook vir 'n ander vorm van beskerming. In ons lewens is Satan ywerig besig om ons tot sonde te verlei. Dalk gebruik hy vandag 'n vriend of vriendin om jou as jongmens na verkeerde dinge te lei. Ander kragtige metodes wat hy gebruik, is musiek, televisieprogramme, fliëks, tydskrifte en boeke. Satan wil hê dat ons ook vandag sal luister na sy verleidelike stem.

Daarom, bid vol nederigheid ook vir God se beskerming teen die duiwel se verleiding. Bid saam met Dawid: "Hou my gedagtes weg van verkeerde dinge, dat ek nie in sonde verval saam met manne wat onreg doen nie ..." (Ps. 141:4). Net die Here kan ons help om vas te staan teen versoekings. Sonder die selfbeheersing wat die Heilige Gees ons gee, sal ons vandag ook slawe van sonde wees. In eie krag val ons en misluk ons.

Daarom, Here, help my om vandag voluit as u kind te lewe! Beskerm my, want u is die troue God van die verbond wat getrou is aan al u beloftes.

*Sing: Psalm 121:2, 4*

*Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*